

Beproof my tog – sê die Here

Dennis de Wet

Maleági 3:8 – 12

⁸ Mag 'n mens God beroof? Want julle beroof My, en julle sê: Waarin het ons U beroof? In die tiendes en die offergawe.

⁹ Met die vloek is julle belaaï en tog beroof julle My, julle, die hele nasie!

¹⁰ Bring die hele tiende na die skathuis, sodat daar spys in my huis kan wees; en beproef My tog hierin, sê die HERE van die leërskaie, of Ek vir julle nie die vensters van die hemel sal oopmaak en op julle 'n oorvloedige seën sal uitstort nie.

¹¹ Ek sal ook die sprinkaan vir julle afweer, sodat hy die opbrings van julle grond nie sal verwoes nie; ook die wynstok op die land sal vir julle nie onvrugbaar wees nie, sê die HERE van die leërskaie.

¹² En al die nasies sal julle gelukkig prys, omdat julle die land van welbehae sal wees, sê die HERE van die leërskaie.

Markus 5:22 – 34

²² en daar kom een van die owerstes van die sinagoge met die naam van Jaïrus; en toe hy Hom sien, val hy aan sy voete neer ²³ en smee Hom dringend en sê: My dogtertjie is op haar uiterste; kom lê haar die hande op, sodat sy gesond kan word en sy sal lewe.

²⁴ En Hy het saam met hom gegaan. En 'n groot menigte het Hom gevolg en Hom verdring. ²⁵ En 'n sekere vrou wat twaalf jaar lank bloedvloeïing gehad het ²⁶ en veel onder baie geneeshere gely en al haar besittings uitgegee het sonder om enige baat te vind, maar eerder erger geword het, ²⁷ het van Jesus gehoor en onder die skare van agtergekom en sy kleed aangeraak;

²⁸ want sy het gesê: As ek maar sy klere kan aanraak, sal ek gesond word. ²⁹ En dadelik het die fontein van haar bloed opgedroog en sy het aan haar liggaam bemark dat sy van haar kwaal genees was. ³⁰ En dadelik toe Jesus in Homself die grag gewaarword wat van Hom uitgegaan het, draai Hy Him om onder die skare en sê: Wie het my klere aangeraak?

³¹ En sy dissipels antwoord Hom: U sien dat die skare U verdring en U sê: Wie het My aangeraak? ³² Toe kyk Hy rondom haar te sien wat dit gedoen het. ³³ die vrou, wat gevrees en gebeef het omdat sy wis wat met haar gebeur het, kom toe en val voor Hom neer en vertel Hom die hele waarheid. ³⁴ En Hy sê vir haar: Dogter, jou geloof het jou gered. Gaan in vrede en wees van jou kwaal genees.

Handelinge 14:7 – 10

⁷ En daar het hulle die evangelie verkondig. ⁸ En in Listre het daar 'n man gesit wat magteloos was aan sy voete, kreupel van sy geboorte af en hy het nooit geloop nie. ⁹ Hy het geluister terwyl Paulus spreek; en Paulus het die oë op hom gehou en, toe hy sien dat hy geloof het om gesond te word, ¹⁰ met 'n groot stem gesê: Staan regop op jou voete! En hy het opgesprong en begin rondloop.

Hebreërs 11:6

⁶ en sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek.

Hebreërs 11:1

¹ Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie.

Johannes 3:16

¹⁶ Want so liefhet God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.

Markus 16:16

¹⁶ Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word.

Openbaring 21:7 & 8

⁷ Hy wat oorwin, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom "n God wees en hy sal vir My "n seun wees. ⁸ Maar wat die vreesagtiges aangaan en die ongelowiges en gruwelikes en moordenaars en hoereerders en towenaars en afgodedienaars en al die leuenaars – hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood.